

HOËRSKOOL HENNENMAN GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

DEEL I

1. AGTERGROND

- 1.1 **Hoërskool Hennenman** (hierna genoem "die skool") is 'n openbare skool soos bedoel in Artikel 12, gelees met Artikel 52 van die SA Skolewet, 1996. (Wet 84 van 1996)(hierna genoem "die Skolewet").
- 1.2 Die beheer van die skool vestig in sy beheerliggaam ingevolge Artikel 16 van die Skolewet.
- 1.3 Kragtens Artikel 8 van die Skolewet moet die beheerliggaam, onderworpe aan enige toepaslike wet, 'n Gedragskode vir leerders moet aanvaar na konsultasie met die leerders, hulle ouers en die opvoeders van die skool, welke Gedragskode gerig moet wees op die vestiging van 'n gedissiplineerde en doelgerigte omgewing om doeltreffende onderwys en studie in die skool te bevorder.
- 1.4 Die beheerliggaam het gekonsulteer met die ouers, leerders en opvoeders van die skool betreffende die inhoud van die Gedragskode en het verder die riglyne vir sodanige Gedragskode gepubliseer deur die Minister van Onderwys in Staatskoerant Nr. 18900 van 15 Mei 1998 (Algemene Kennisgewing 766 van 1998).

2. AANVAARDING VAN GEDRAGSKODE

Die beheerliggaam aanvaar hiermee hierdie Gedragskode vir leerders van die skool onderworpe aan die bepalings uiteengesit in dele I, II en III hiervan.

3. WOORDBEPALINGS

In hierdie Gedragskode, tensy dit uit die samehang ander blyk, bevat die volgende woorde die betekenisse daarteenoor aangetoon:

"beheerliggaam"	beheerliggaam van die skool, behoorlik ingestel kragtens die Skolewet en die Vrystaat skoolonderwyswet)
"Kode van Regte en Pligte"	die Kode van Regte en Pligte van die onderskeie belangegroepe van die skool
"skool"	HOËRSKOOL HENNENMAN
"Minister"	Die Minister van Onderwys
"departement of provinsiale departement"	die Provinsiale Departement van Onderwys van die Provinsie Vrystaat
"Skoolhoof"	die dienende Skoolhoof of waarnemende Skoolhoof van Hoërskool Hennenman van tyd tot tyd.

"opvoeder"	enige opvoeder, insluitende die Skoolhoof wat van tyd tot tyd onderwysdienste by die skool lewer
"leerder"	enige leerder behoorlik toegelaat en ingeskryf by HOËRSKOOL HENNENMAN
"algemene klasreëls"	die reëls waarna verwys word in 2.5.2 van Skedule A van die deel II van hierdie Gedragskode
"pligtetaat"	die pligtetaat van die leerlingraad, waarna verwys word in 6.4 van Skedule A van deel II van hierdie Gedragskode
"gedragskode vir die leerlingraad"	die gedragskode waarna verwys word in 6.1 van Skedule A van deel II van hierdie Gedragskode
"ministeriële riglyne"	die riglyne waarna verwys word in 1.4 hierbo
"Dissiplinêre Komitee"	die komitee of die lede van die beheerliggaam van die skool, wat oor stemreg beskik, aangestel en gemagtig is kragtens resoluë van die beheerliggaam om die beheerliggaam te verteenwoordig in die uitoefening van sy funksies in terme van hierdie Gedragskode
"die Skolewet"	die Suid-Afrikaanse Skolewet Nr. 84 van 1996

4. HERSIENING VAN GEDRAGSKODE

Hierdie Gedragskode moet jaarliks deur die beheerliggaam hersien word, of wanneer nodig.

5. WYSIGING

Hierdie Gedragskode mag gewysig word slegs na konsultasie met die opvoeders, ouers en leerders van die skool. Wysigings sal in werking tree wanneer dit deur die beheerliggaam aanvaar is en dit bekend gemaak is aan die opvoeder, ouers en leerders van die skool by wyse van skriftelike kennisgewing, 'n afskrif waarvan aangebring sal word op die skool se kennisgewingbord.

6. INTEPRERTASIE

Enige meningsverskil rakende die interpretasie van hierdie Gedragskode, sal finaal besleg word by wyse van 'n beslissing van die beheerliggaam.

7. LEERDERS GEBONDE

Elke leerder van die skool is gebonde aan hierdie Gedragskode.

8. KODE VAN REGTE EN PLIGTE

- 8.1 Die Kode van Regte en Pligte van die skool, waarna verwys word in hierdie Gedragskode, moet daarmee saamgelees word.
- 8.2 Die Kode van Regte en Pligte sit die onderskeie regte en verpligtinge van die belangegroep van die skool uiteen en het ten doel die skepping van 'n klimaat van onderlinge respek, begrip en verdraagsaamheid tussen die verskillende groepe, in die belang van vreedsame verhoudinge in 'n doelgerigte en dinamiese skool.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM VAN **HOËRSKOOL HENNENMAN** KRAGTENS 'N BESLUIT GENEEM TE _____ OP _____ 20..

VOORSITTER

SKOOLHOOF

SEKRETARIS

DEEL II
SKEDULE A
GEDRAGSREËLS

Nota: Die aanvanklike indeling van elke reël as 'n Kategorie A of B oortreding (sien hierna) word in hakies na elke reël of groep reëls getoon.

1. ALGEMENE REËLS

- 1.1 Die leerders sal hulle te alle tye gedra as goeie ambassadeurs van die skool. (A)
- 1.2 Die leerders sal te alle tye terwyl hulle geklee is in die skool se skooldrag of enige gedeelte daarvan wat voldoende is om hulle met die skool te verbind in die oë van die publiek, of terwyl hulle die skool verteenwoordig, direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, hulleself op so 'n wyse gedra dat dit nie die skool, personeel of hulle medeleerders in 'n swak lig stel nie. (B)
- 1.3 Dit word van leerders verwag om hulle te vergewis van die kode van regte en verpligtinge as deel van hierdie Gedragskode en om hulle te weerhou van die optrede wat inbreuk maak op die regte daarin vervat. (B)
- 1.4 Leerders moet te alle tye in hulle omgang met die Skoolhoof, opvoeders en ander personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek betoon en moet hulle weerhou van optrede wat neerkom op opstandigheid. In hierdie verband sluit opstandigheid nie in enige optrede wat in ooreenstemming is met die regverdigbare uitoefening van die leerder se regte kragtens die Kode van regte en Pligte nie. (B)
- 1.5 Leerders is verplig om die Skoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde asook 'n omgewing en toestande waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder word van leerders verwag om enige redelike opdrag van die Skoolhoof, enige opvoeder, lid van die Leerlingraad of klasleier te gehoorsaam en onmiddellik uit te voer ten einde die oogmerk hierin genoem te verwesenlik. (A)
- 1.6 In hulle omgang met mekaar moet leerders sover moontlik selfbeheersing toepas en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend of wat daartoe mag lei. (B)

2. KLASREËLS (A)

- 2.1 Klasreëls moet deur die klasopvoeder geformuleer word in oorleg met die leerders in die klas asook hulle ouers, wanneer hierdie Gedragskode aanvaar word en daarna aan die begin van elke skooljaar.
- 2.2 Hierdie reëls moet versoenbaar wees met die doelstellings uiteengesit in 1 hierbo sowel as die Kode van Regte en Pligte.
- 2.3 Na formulering daarvan moet die klasreëls skriftelik opgestel word en -

- 2.3.1 onmiddellik belê word by die Skoolhoof en die beheerliggaam van die skool;
- 2.3.2 aangebring word in duidelike leesbare skrif op 'n prominente plek in die klaskamer;
- 2.3.3 beskikbaar gestel word aan elke leerder en sy/haar ouers.
- 2.4 Die bepalings van 2.1, 2.2 en 2.3 is ook van toepassing op enige wysiging van of byvoeging tot die klasreëls.
- 2.5 Die Skoolhoof mag, na oorleg met die beheerliggaam en die klasopvoeder
 - 2.5.1 die klasreëls aanvul of aanpas wanneer dit redelik noodsaaklik is vir doeleindes van gesonde professionele bestuur;
 - 2.5.2 in konsultasie met die opvoeders of sy personeel, die ouers en die Leerlingraad, en met die vooraf toestemming van die beheerliggaam, algemene klasreëls vir alle klasse van die skool formuleer vir insluiting in hierdie Gedragskode. Sodanige algemene klasreëls sal hanteer word in ooreenstemming met 2.3 hierbo.
- 2.6 Leerders moet stiptelik en volledig aan die klasreëls asook aan enige verbale opdragte gegee deur die klasopvoeder of enige uitvoerende personeellid en wat redelikerwys noodsaaklik is om uitvoering te gee aan hierdie Gedragskode en/of redelik noodsaaklik is vir die behoorlike professionele bestuur van die skool.

3. REËLS MET BETREKING TOT VOORKOMS EN SKOOLDRAG (A)

(Sien skooldragbeleid)

4. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

- 4.1 Deelnemers in sport
 - 4.1.1 Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteit of namens hulle interne spanne moet geklee wees in die sportdrag soos in 3.3 hierbo uiteengesit, tydens en na deelname in sodanige aktiwiteit. (A)
 - 4.2.1 Van alle leerders wat deelneem aan gemelde sportaktiwiteite word lojaliteit teenoor die skool en mede-deelnemers verwag. In besonder word van deelnemers verwag om betyds en stiptelik by die plek waar die aktiwiteit waarvoor 'n leerder gekies is om die skool te verteenwoordig aan te meld en sal slegs gekondoneer word indien 'n skriftelike verskoning aan die sporthoof oorhandig word nie later nie as drie dae na plaasvind van die betrokke aktiwiteit. (A)
 - 4.2.2 Dit word van deelnemers aan gemelde sportaktiwiteite namens die skool verwag om te alle tye hoflik op te tree teenoor en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van
 - 4.2.2.1 die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sport;
 - 4.2.2.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit;
 - 4.2.2.3 die spankaptein. (A)
 - 4.2.3 Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en met volle inspanning doen, word van sodanige leerders verwag om

selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op 'n onsportiewe wyse optree nie en mag hulle nie vuil of beledigende taal gebruik of betrokke raak in gevegte of insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie. (B)

4.3 Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite

- 4.2.1 Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon sal, benewens die verpligting om die bepalings van hierdie Gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodige opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie. (B)
- 4.2.2 Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die Skoolhoof, enige opvoeder, lid van die leerlingraad of ouer deur die Skoolhoof aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon. (A)
- 4.2.3 Die reëls soos hierbo uiteengesit in 4.1 sal ook van toepassing wees op enige deelname aan enige buitemuurse aktiwiteit benewens sportaktiwiteite, behalwe waar dit ooglopend nie van toepassing is nie. (A & B)

5. SKOOLEIENDOM

- 5.1 "skooleiendom" sluit die volgende in:
- 5.1.1 die grond en geboue deur die skool beset en enige permanente aanhegting aan sodanige grond en geboue;
- 5.1.2 alle ander eiendom, insluitend toerusting, boeke, voorraad, motorvoertuie en dies meer, wat die skool as eiendom besit of as huurder besit of stoor, of ten opsigte waarvan die skool vir die beskadiging of verlies daarvan wetlik aanspreeklik gehou kan word. (A)
- 5.2 Elke leerder is verplig om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool. (A)
- 5.3 Enige skooleiendom wat aan die sorg en kontrole van 'n leerder toevertrou word, moet aan die skool teruggelewer word op die bestemde tyd (d.w.s. wanneer daartoe versoek deur die beheerliggaam, Skoolhoof of 'n opvoeder van die skool) in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is, billike gebruik en slytasie uitgesluit. Leerders en hul ouers sal aanspreeklik wees teenoor die skool vir vergoeding vir enige verlies of skade aan sodanige eiendom. (A)
- 5.4 Geen leerder mag doelbewus of nalatiglik enige skooleiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie. (B)
- 5.5 Geen leerder mag enige skooleiendom van die perseel van die skool verwyder sonder die vooraf toestemming van die Skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie. (B)

- 5.6 Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reëls is van toepassing op eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, asook enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop. (B)
- 5.7 Leerders en ouers se aandag word gevestig op die bepalings van die Kode van Regte en Pligte ten aansien van skoleiendom.

6. LEERLINGRAAD

- 6.1 Die Skoolhoof mag in oorleg met die leerlingraad 'n gedragskode vir die leerlingraad formuleer. (B)
- 6.2 Sodra dit deur die beheerliggaam goedgekeur is, sal die gedragskode vir die leerlingraad geag word deel van hierdie Gedragskode te wees en 'n afskrif daarvan moet aan elke lid van die leerlingraad en die se ouers voorsien word. 'n Afskrif moet ook permanent op die skool en/of leerlingraad se kennisgewingbord aangebring word.
- 6.3 Elke leerder moet enige redelike voorskrif van 'n lid van die leerlingraad gehoorsaam en moet die leerlingraad ondersteun en samewerking verleen in die behoorlike uitvoering van hul pligte. (A)
- 6.4 Die Skoolhoof, in oorleg met die personeel, leerlingraad en beheerliggaam, moet 'n pligtetaat vir die leerlingraad formuleer, 'n afskrif waarvan aan elke lid van die leerlingraad, hul ouers en alle leerders voorsien en op die skool en/of leerlingraad se kennisgewingbord aangebring moet word. Die lede van die leerlingraad moet die voorskrifte van hierdie pligtetaat nakom. (B)
- 6.5 Die gedragskode en pligtetaat vir die leerlingraad en alle wysigings daarvan moet by die beheerliggaam ingedien word vir liassering tesame met hierdie Gedragskode.

7. SKOOLKENNISGEWINGS (A)

Elke leerder is verplig om alle kennisgewings aan die ouers van die skool wat vir daardie doel deur die beheerliggaam, Skoolhoof of 'n opvoeder van die skool aan hom/haar gegee is, aan sy/haar ouers te oorhandig, en om stiptelik enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, aan die klasopvoeder te voorsien. (A)

8. SKOOLWERK EN HUISWERK (A)

- 8.1 Elke leerder moet sodanige huiswerkboek as wat die Skoolhoof of klasopvoeder mag voorsien of voorskryf, hou en in stand hou.
- 8.2 Elke leerder moet die huiswerk wat deur 'n opvoeder voorgeskryf is, doen en stiptelik op die spertyd daarvoor aan die betrokke opvoeder oorhandig. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs gekondoneer word indien die leerder op die dag waarop die huiswerk voltooi moes gewees het, 'n skriftelike nota van sy/haar ouers met 'n aanvaarbare verduideliking vir die versuim, aan die opvoeder oorhandig. **As opdrag voor sperdatum ingehandig word, verdien die leerder 2 bonuspunte. As die opdrag minder as 2 dae laat ingehandig word, word 20% van die punte verloor. Later as 2 dae word al die punte verbeur.**

- 8.3 Elke leerder moet sy/haar voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Luiheid en 'n ooglopende versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder aanvaarbare verskoning, sal beskou word as 'n oortreding van hierdie reël.

9. TOETSE EN EKSAMENS

- 9.1 Toetse en eksamens het ten doel om die leerder se kennis en begrip van 'n bepaalde deel van die skoolwerk te beoordeel.
- 9.2 Alle leerders is verplig om hulle te onderwerp aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders in die loop van hul professionele pligte afgeneem word. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle gekondoneer word, nadat die ouers van die betrokke leerling 'n volledige en aanvaarbare verduideliking op skrif aan die Skoolhoof oorhandig het op die vroege moontlike geleentheid. (B)
- 9.3 Leerders moet hulle tydens die afneem van toetse of eksamens weerhou van afkykery of enige ander aktiwiteit wat die oogmerk genoem in 9.1 vir hulleself en ander leerders verongeluk.(B)
- 9.4 Leerders mag nie op enige wyse met mekaar kommunikeer of enige steurnis veroorsaak tydens die afneem van toetse of eksamens nie. (B)

10. SKOOLRAPPORTE

Leerders moet handel met die skoolrapporte wat aan hulle voorsien word volgens die voorskrifte wat die Skoolhoof of klasopvoeder aan hulle mag voorsien. (A)

11. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE

- 11.1 Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die eiendom wat deur die skool geokkupeer word bring nie, tensy hy/sy beskik oor die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Skoolhoof of ander personeel deur die Skoolhoof genomineer en tensy hy/sy stiptelik voldoen aan enige voorwaardes waaraan die gemelde toestemming onderhewig mag wees. Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of leerlingraad versoek word om dit te toon nie, sal dit geag word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie totdat hy/sy die teendeel kan bewys. (A). **'n Lisensie vir die bestuur van die spesifieke voertuig is 'n minimumvereiste.**
- 11.2 Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder op so 'n wyse dat dit 'n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein, word ten strengste verbied. (B)

12. KOSHUISREËLS:

- 12.1 **Algemene Reëls:** (B)
(Voeg hier in)
- 12.2 **Huisreëls:** (A)
(Voeg hier in)

13. STIPELIKHEID:

Die skooldag is versigtig beplan om die maksimum beskikbare tyd aan onderrig te bestee. Laatkommery veroorsaak ongewenste ontwrigting van die onderrigproses sowel as ander skoolaktiwiteite. Gevolglik moet leerders altyd op die bestemde tyd opdaag aan die begin van die skooldag en by die aanvang van enige ander skoolaktiwiteit. Wanneer 'n leerder laat is moet sy/sy 'n skriftelike verskoning van sy/haar ouers verskaf. (A)

14. AFWESIGHEID VAN SKOOL

- 14.1 Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan slegs met die skriftelike toestemming van die Skoolhoof of sy verteenwoordiger indien hy nie beskikbaar is nie. (B)
- 14.2 Enige leerder wat sonder 'n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is word geag stokkies te draai, wat streng verbode is. (B)
- 14.3 'n Leerder wat vir een tot drie agtereenvolgende dae van die skool afwesig is moet by sy/haar terugkeer skool toe 'n skriftelike verduideliking van sy/haar ouers voorlê. Afwesigheid vir meer as 3 (drie) agtereenvolgende dae sal slegs gekondoneer word indien 'n sertifikaat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn voorgelê word, behalwe in die geval van dood of trauma in die leerder se huisgesin of 'n ander rede deur die Skoolhoof goedgekeur. **'n Formele assessering wat in die tydperk wat die leerder afwesig was, plaasgevind het, moet op die eerste dag nadat die leerder weer by die skool is, afdelê word.** (A)

15. OMGEWING

- 15.1 Leerders mag nie die skoolgronde of –geboue bemors nie. (A)
- 15.2 Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word. (A)
- 15.3 Leerders moet toilette skoon agterlaat. (B)
- 15.4 Enige optrede of versuim van leerders van 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak moet vermy word. (B)
- 15.5 Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of 'n waterkraan ooplos nie. (A)
- 15.6 Dit is verbode om slagspreuke ("graffiti"), plakkers en dergelike meer op enige oppervlakte by die skool aan te bring, sonder die toestemming van die Skoolhoof. (A)
- 15.7 Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die Skoolhoof, enige opvoeder of lid van die leerlingraad met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing. (A)

DEEL II**SKEDULE B****KATEGORIEË VAN WANGEDRAG****1. INLEIDING**

Vir die toepassing van hierdie Gedragskode word wangedrag in drie kategorieë ingedeel, wat wissel vanaf minder ernstige tot ernstige wangedrag. Dit stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem kan word en die verskillende prosedures wat gevolg mag word in die hantering van wangedrag.

2. KATEGORIE A WANGEDRAG

- 2.1 Enige oortreding van 1.1, 1.5, 2, 3, 4.1.1, 4.1.2, 4.1.3, 4.2.2, 4.2.3 (behalwe die verwysing na 4.1.4), 5.1, 5.2, 5.3, 6.3, 7, 8, 10, 11.1, 12.2, 13, 14.3, 15.1 15.2, 15.5, 15.6 en 15.7 van Skedule A.
- 2.2 Alle ander oortredings van Skedule A van hierdie Gedragskode wat die opvoeder, aan wie die oortreding gerapporteer is of in wie se teenwoordigheid dit gepleeg is, op goeie gronde meen betreklike onbeduidend is.

3. KATEGORIE B WANGEDRAG

- 3.1 Onderworpe aan 2.2, enige oortreding van 1.2, 1.3, 1.4, 1.6, 4.1.1, 4.2.1, 4.2.3 (met verwysing na 4.1.4), 5.4, 5.5, 5.6, 6.1 en 6.4 (leerlingraad), 9.2, 9.3, 9.4, 11.21, 12.1, 14.1, 14.2, 15,.3 en 15.4 van Skedule A.
- 3.2 Enige oortreding genoem in 2.1 hierbo wat, weens die besondere omstandighede, die opvoeder aan wie die oortreding gerapporteer is of in wie se teenwoordigheid dit begaan is, meen matig ernstig is en meer toepaslik onder hierdie kategorie hanteer behoort te word.
- 3.3 Die herhaling van enige Kategorie A wangedrag gedurende 'n bepaalde skooljaar ten aansien waarvan 'n finale waarskuwing reeds gegee is en steeds van krag is.
- 3.4 Enige Kategorie C wangedrag wat die Skoolhoof, met die goedkeuring van die beheerliggaam, besluit slegs matig ernstig is en meer toepaslik onder hierdie Kategorie hanteer behoort te word.

4. KATEGORIE C [ERNSTIGE] WANGEDRAG

- 4.1 Enige herhaling van Kategorie B wangedrag ten opsigte waarvan dissiplinêre stappe teen die leerder geneem is gedurende die voorafgaande tydperk van ses maande.
- 4.2 Enige growwe oortreding van die reëls van Skedule A van die Gedragskode, genoem in 3.1 hierbo.
- 4.3 Gedrag wat die veiligheid van ander leerders bedreig en hulle regte ernstig aantas.
- 4.4 Besit of gebruik van of dreig met 'n gevaarlike wapen.
- 4.5 Besit, gebruik, oorhandiging of sigbare tekens van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelkende stowwe van enige aard.

- 4.6 Bakleiery, aanranding of mishandeling.
- 4.7 Immorele gedrag of godslastering
- 4.8 Valslik voorgee om iemand anders te wees.
- 4.9 Skadelike graffiti, haatspraak, seksisme en rassisme.
- 4.10 Diefstal of besit van gesteelde goedere, insluitende toets of eksamen vraestelle voor aflegging van die betrokke toets of eksamen.
- 4.11 Onwettige optrede, vandalisme, vernietiging of beskadiging van skool eiendom.
- 4.12 Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal teenoor personeel of medeleerders.
- 4.13 Herhaalde oortredings van die skoolreëls.
- 4.14 Kriminele en onderdrukkende gedrag soos verkragting.
- 4.15 Viktimisasie, afknouery en intimidasie van medeleerders.
- 4.16 Oortreding van eksamenreëls.
- 4.17 Doelbewuste en opsetlike verskaffing van vals inligting of die vervalsing van dokumentasie met om daardeur 'n onregverdige voordeel 'n die skool te verkry.
- 4.18 Ernstige bedreiging, ontwigting of frustrasie van die leer en onderrigproses in die klas.
- 4.19 Deelneem aan 'n sameswering om die behoorlik funksionering van die skool te ontwig deur middel van kollektiewe optrede.
- 4.20 Belastering of aantasting van die waardigheid van 'n lid van die personeel.
- 4.21 Verspreiding van enige toets- of eksamenmateriaal wat 'n ander leerder in staat mag stel om 'n onregverdige voordeel in die toets of eksamen te verkry.
- 4.22 Kullery in 'n toets of eksamen.
- 4.23 Enige vorm van openbare onwelvoeglikheid.
- 4.24 Seksuele teistering.
- 4.25 Besit of verspreiding van pornografiese materiaal.
- 4.26 Om onder die invloed van alkohol of dwelms te wees.
- 4.27 Versuim om te voldoen aan enige strafmaatreëls wat weens 'n oortreding van hierdie Gedragskode opgelê is.
- 4.28 Versuim om sonder aanvaarbare verskoning dissiplinêre verrigtinge teen die leerder ingestel weens oortreding van hierdie Gedragskode, by te woon en aanwesig te bly.

- 4.29 Omkoperij van enige persoon of poging daartoe, met betrekking tot enige toets of eksamen, ten einde onbehoorlike voordeel te bewerkstellig vir enige persoon.
- 4.30 Enige ernstige kriminele oortredings waarby geweld of die aantasting van 'n ander persoon se liggaamlike integriteit ter sprake is.

DEEL II**SKEDULE C****STRAFMAATREËLS****1. ALGEMEEN**

- 1.1 In hierdie Skedule word die strafmaatreëls uiteengesit wat toegepas kan word deur die Skoolhoof, beheerliggaam, departementshoof of klasopvoeder, wat byvoeg is om te handel met gevalle van wangedrag ingevolge skedule D, nadat 'n leerder skuldig bevind is aan Kategorie A of Kategorie B of Kategorie C wangedrag.
- 1.2 Die uiteensetting van strafmaatreëls moet nie deur diegene wat strafmaatreëls moet toepas gesien word as 'n volledige lys wat verpligtend toegepas moet word nie, ongeag enige ander oorwegings. Sover as wat menslik moontlik is, moet die verantwoordelike persone streef om toepaslike strafmaatreëls aan te wend met in agneming van die individuele leerder, die aard en erns van die wangedrag ter sprake, en die belange van die skoolgemeenskap ten opsigte van die wyse waarop daar met wangedrag by die skool gehandel word.
- 1.3 Die kuns is om die korrekte balans te vind tussen die oorwegings hieronder genoem, elkeen waarvan in aanmerking geneem moet word en neerslag moet vind in die straf wat uiteindelik toegepas word. Die toepassing van strafmaatreëls buite verhouding tot die gemelde oorwegings moet vermy word as synde onbillik en teenstrydig met die oogmerke van hierdie Gedragskode.

2. TERSAAKLIKE OORWEGINGS BY DIE KEUSE VAN 'n TOEPASLIKE STRAFMAATREËLS**2.1 Die individuele leerder:**

- 2.1.1 Ouderdom en stadium van ontwikkeling;
- 2.1.2 Houding teenoor skoolwerk en medeleerders;
- 2.1.3 Dissiplinêre rekord, algemene reaksie op berisping en gewilligheid om te hervorm;
- 2.1.4 Die redes aangevoer vir die begaan van die oortreding;
- 2.1.5 Die mate van berou en gewilligheid om oortreding reg te stel

2.2 Aard en omvang van die wangedrag

- 2.2.1 Die tersaaklike omstandighede;
- 2.2.2 Die uitwerking van die oortreding op 'n ander persoon of persone
- 2.2.3 Die gereeldheid waarmee die tipe oortreding onder leerders voorkom;
- 2.2.4 Die omvang van skade of verlies veroorsaak deur oortreding.

2.3 Belange van die skoolgemeenskap:

In die algemeen het die skoolgemeenskap 'n belang in die handhawing van klimaat en kultuur van onderrig en leer by hulle skool, die regverdige en gebalanseerde behandeling van leerders, die beskerming van die fisiese, geestelike en morele welstand van leerders en opvoeders by die skool, en die beskerming en bevordering, in soverre as wat dit moontlik is, van die basiese grondwetlike regte van alle belanghebbers van die skool. Uit hierdie algemene stelling kan die volgende elemente uitgelig word vir oorweging:

2.3.1 Vergelding

Wangedrag moet aangespreek word by wyse van een of ander toepaslike onaangename gevolg ten einde die misnoeë van die gemeenskap oor die pleging daarvan te kenne te gee.

2.3.2 Hervorming

Waar daar aanduidings is dat die leerder vatbaar is vir hervorming of waarskynlik positief op hervorming sal reageer, sal die gemeenskap die leerder die geleentheid wil gee om sy/haar gedrag te verbeter om sodoende die betrokke leerder asook andere in die posisie te stel om die hoogs moontlike voordeel uit hul skoolloopbaan te put.

2.3.3 Afskrikking:

'n Element van afskrikking van herhaalde wangedrag by 'n besondere leerder of by die leerdergemeenskap in die algemeen, moet ingebou word in die straf toegepas, om te voorkom dat toegeeflikheid lei tot aanhoudende oortreding. Hoe meer algemeen die tipe wangedrag voorkom, hoe meer prominent moet die element van afskrikking wees.

2.3.4 Voorkoming

Die basiese vraag hier is of dit nodig is om die leerder te isoleer van die skool en sy medeleerders, óf as 'n sterk boodskap dat sy of haar gedrag antisosiaal in die skoolopset is óf as beskerming van die veiligheid (fisies, geestelik of moreel) van die leerders en/of van die skool of beide.

3. BENADERING TOT TOEPASSING VAN STRAF

Die toepassing van straf vereis behoorlike prosedure net soos in die geval van enige administratiewe prosedure wat die belange van individue raak. Die verantwoordelike persoon moet enige faktore wat hy/sy/hulle van voorneme is om in ag te neem sowel as sy/haar/hulle oogmerke ten opsigte van straf, aan die leerder en sy/haar ouer en/of verteenwoordiger meedeel, vir kommentaar. Alle kommentaar op hierdie aangeleenthede moet bekom en behoorlik oorweeg word. Die verrigtinge moet genotuleer word. (Sien ook skedule D).

4. STRAFMAATREËLS WAT SLEGS DIE BEHEERLIGGAAM MAG TOEPAS

Slegs die beheerliggaam mag, na 'n regverdige verhoor, 'n leerder van die skool skors en dan slegs in die volgende twee gevalle, naamlik eerstens as 'n korrektiewe maatreël vir 'n maksimum tydperk van vyf skooldae, of tweedens in konsultasie met die onderwyshoof van die provinsie in afwagting van 'n beslissing of die leerder permanent uit die skool gesit moet word deur die onderwyshoof.

5. STRAFMAATREËLS WAT NIE DEUR DIE BEHEERLIGGAAM, SKOOLHOOF OF ENIGE OPVOEDER INGESTEL MAG WORD NIE

5.1 Slegs die onderwyshoof van die provinsie, of 'n bevoegde amptenaar deur hom/haar aangewys, mag 'n leerder uit die skool sit.

5.2 Dit is nodig om die volgende bepaling aan te haal uit die SA Skolewet 1996, naamlik Artikel 10;

“(1) Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leerder toedien nie

(2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan 'n skuldigbevinding strafbaar met 'n vonnis wat vir aanranding opgelê kan word.”

5.3 Artikel 33 van die Wet op Vrystaat Skoolonderwys 2000 bevat 'n soortgelyke bepaling.

6. STRAF EN DIE REGTE VAN DIE LEERDER

Die beheerliggaam, die Skoolhoof of die bevoegde opvoeder moet te alle tye, wanneer strafmaatreëls toegepas word, die regte van leerders in gedagte hou, soos uiteengesit in die Kode van Regte en Pligte. Straf sal noodwendig op een of meer van daardie regte inbreuk maak. Sodanige inbreukmaking moet egter tot die minimum beperk word, afhangende van die omstandighede. In die besonder moet enige aantasting van die reg op waardigheid en privaatheid so ver as moontlik beperk word.

7. STRAF VIR DIE ONDERSKEIE KATEGORIEË VAN WANGEDRAG

7.1 Kategorie A Wangedrag

VERWYS NA DIE DETENSIESTELSEL

7.1.1 'n Mondelinge waarskuwing, wat opgeteken sal word in die leerder se rekord;

7.1.2 'n Skriftelike waarskuwing in die formaat van Vorm F tot hierdie Skedule, 'n afskrif waarvan op die leerder se persoonlike leer geplaas moet word;

- 7.1.3 'n Finale skriftelike waarskuwing in die formaat van Vorm F tot hierdie Skedule, 'n afskrif waarvan op die leerder se persoonlike lêer geplaas moet word;
- 7.1.4 Bykomende huiswerk soos voorgeskryf deur die voorsittende opvoeder;
- 7.1.5 Gemeenskapsdiens vir 'n maksimum van twee uur, soos voorgeskryf deur die Skoolhoof.

(Notas: (i) Gemeenskapsdiens moet plaasvind onder toestande wat nie die veiligheid of sekuriteit van die leerder in gevaar stel nie en die ouers van die leerder moet minstens 24 uur kennis kry daarvan.

(ii) 'n Kombinasie van bogenoemde kan toegepas word.

(iii) By 'n oortreding van Skooldragreëls kan die leerder by wyse van skriftelike kennis deur die Skoolhoof verbied word om die skool of buitemuurse aktiwiteite by te woon totdat die oortreding reggestel is).

7.2 Kategorie B Wangedrag

- 7.2.1 Gemeenskapsdiens soos bepaal deur die Skoolhoof vir 'n maksimum van ses uur (hierdie verband sal die nota tot 7.1.5 hierbo van toepassing wees);
- 7.2.2 'n Geskrewe apologie aan die personeellede en leerders van die skool, aangebring op die skool se kennisgewingbord vir 'n tydperk van twee weke. Waar dit meer toepaslik in die omstandighede sal wees, kan sodanige apologie mondeling gegee word aan die klasopvoeder of ander opvoeder of die individu of die groep wat deur die wangedrag geraak is.
- 7.2.3 Die ontneming van sodanige voorregte, insluitende die reg om die skool in sport of enige ander buitemuurse aktiwiteit te verteenwoordig, as wat die Skoolhoof mag bepaal, vir 'n tydperk van tot ses weke.
- 7.2.4 Lede van Leerlingraad:
- 7.2.4.1 Tesame met of in die alternatief tot bogenoemde,
- 7.2.4.2 Skorsing van pligte vir 'n tydperk van tot ses weke; of
- 7.2.4.3 Afdanking en permanente verwydering uit die posisie van 'n lid van die leerlingraad.

Notas: (i) In toepaslike omstandighede kan 'n kombinasie van een of meer van die voorgaande strafmaatreëls toegepas word.

- (ii) *Die Skoolhoof mag die geheel of enige gedeelte van die strafmaatreëls opskort vir tot ses maande op voorwaardes goedgekeur deur die beheerliggaam.*

7.3 Kategorie C Wangedrag

- 7.3.1 Straf soos bepaal word in 7.2 hierbo gekombineer met skorsing uit die skool vir tot een week, laasgemelde straf opgeskort vir tot nege maande op voorwaardes soos bepaal deur die beheerliggaam in konsultasie met die Skoolhoof, insluitende 'n voorwaarde dat die leerder 'n program van behandeling en/of berading ondergaan soos wat redelikerwys noodsaaklik of gegewens geag word om die leerder te help om te hervorm.
- 7.3.2 Straf soos voorsien in 7.2 hierbo en bykomend of in die alternatief daartoe, skorsing uit die skool vir 'n tydperk van tot een week.
- 7.3.3 Skorsing uit die skool hangende 'n besluit van die onderwyshoof vir die VS of die leerder finaal uit die skool gesit moet word al dan nie.

(Nota: Die riglyne van die Minister beperk die tydperk van tydelike skorsing tot een week. Dit is ietwat belaglik aangesien daar geen manier is wat die Onderwysdepartement binne een week sal kan besluit oor die finale uitsit van 'n leerder uit die skool nie, wat tot gevolg sal hê dat die leerder teruggeneem sal moet word asof niks gebeur het nie en in die skool sal moet wag totdat die Departement uiteindelik 'n besluit geneem het. Alternatiewelik sal die leerder herhaaldelik vir tydperke van 5 skooldae geskors moet word).

DEEL II**SKEDULE D****DISSIPLINÊRE PROSEDURES VAN TOEPASSING OP DIE
ONDERSOEK EN VERHOOR VAN DIE VERSKILLEND
KATEGORIEË BEWEERDE WANGEDRAG****1. INLEIDING**

- 1.1 Met die opstel van dissiplinêre prosedures vir die verskeie kategorieë van wangedrag is daar verskeie oorwegings ter sprake. Terwyl daar te alle tye 'n behoorlike proses en 'n regverdige verhoor moet wees, sal onderrig in die skool tot stilstand kom indien elke dissiplinêre aangeleentheid tot 'n miniverhoor moet ontwikkel. Aan die anderkant, terwyl geregtigheid spoedig toegepas moet word, moet dit nooit lei tot die ontneming van geregtigheid nie. Namate die erns en gevolge vir die leerder van die oortreding meer en meer word, ontstaan daar 'n groter behoefte vir 'n omvattende proses.
- 1.2 Skeidsregters in dissiplinêre aangeleenthede in skoolverband dra 'n groot verantwoordelikheid, hoe klein of hoe ernstig die beweerde wangedrag ookal mag wees. Ouers moet kan aanvaar dat daar op 'n regverdige, gebalanseerde en ferm wyse met hulle kinders gehandel sal word. Leerders het die reg om aldus behandel te word. Skeidsregters moet ook besef dat hulle met kinders werk wat van nature maklik geïntimideer en afgedreig kan word deur 'n volwassene; hulle verkeer op ongelyke vlak wanneer hulle hulleself moet verdedig teen aggressiewe beskuldigings deur diegene wat in 'n gesagsposisie teenoor hulle staan.
- 1.3 Skeidsregters moet streng onpartydig wees en nie beïnvloed word deur vooropgestelde idees, kollegiale druk of enige oorwegings nie, wat mag lei tot die mislukking van regverdigheid en geregtigheid teenoor 'n leerder. Hulle moet goed luister en noukeurig ondersoek instel om te verseker dat behoorlike geregtigheid toegepas word, selfs indien dit sou beteken dat 'n probleem onthul word wat hulle kollegas in die verleentheid mag stel.

2. NOODSAAKLIKE VEREISTES IN ALLE DISSIPLINÊRE PROSEDURES:

- 2.1 Volle geleentheid moet aan die leerder gebied word om sy/haar weergawe of tersaaklike feite en omstandighede op rekord te plaas.
- 2.2 Die skeidsregter moet oop kaarte speel met die leerder deur aan hom/haar te openbaar op welke inligting daar staat gemaak sal word of welke aangeleenthede oorweeg sal word ten einde 'n beslissing te bereik. Op daardie stadium word die leerder toegelaat om kommentaar te lewer of getuienis te weêrlê of teenargumente voor te lê.
- 2.3 So ver as moontlik moet die leerder die geleentheid gebied word om gebruik te maak van die bystand van sy/haar ouer of ouers gedurende of in verband met die dissiplinêre prosedure.

- 2.4 Die grondwetlike regte van die leerders (sien die Kode van Regte en Pligte) moet te alle tye gerespekteer en nagekom word en so min as moontlik aangetas word.
- 2.5 Geskrewe uitsprake/beslissings en die redes daarvoor moet aan die leerder en sy/haar ouers voorsien word.

3. GRAAD OPVOEDERS/SKEIDSREGTERS:

Die Skoolhoof moet een of meer opvoeders aanstel om te dien as skeidsregters in dissiplinêre aangeleenthede waarby die leerders van die verskillende grade getrokke is. 'n Lys van daardie opvoeders en die grade waarby hulle betrokke is moet van tyd tot tyd gepubliseer en beskikbaar gestel word.

4. VERHOORPROSEDURE BY BEWEERDE KATEGORIE A WANGEDRAG

- 4.1 Waar die beweerde oortreding in die teenwoordigheid van 'n opvoeder plaasgevind het, mag daardie opvoeder die skeidsregter wees. Andersins moet die graadopvoeder/skeidsregter vir die betrokke grade waarin die leerder is, die aangeleentheid verhoor. Indien die graadopvoeder nie beskikbaar is nie of onwillig is om die saak te hanteer, sal die verhoor deur die Skoolhoof hanteer word.
- 4.2 Besonderhede van die beweerde misdryf moet so vertroulik as wat die omstandighede dit toelaat aan die betrokke leerder gestel word en hy/sy moet behoorlike geleentheid gebied word om daarop te reageer. Die opvoeder moet enige lyftaal of uiterlike aggressiewe uitdrukking wat die leerder mag intimideer of inhibeer om teensubmissies te maak, vermy.
- 4.3 Die opvoeder wat die saak hanteer moet 'n bevinding van skuldig of onskuldig maak en moet dan die leerder inlig welke straf hy/sy van plan is om toe te pas indien enige. Die leerder moet weer behoorlik geleentheid gebied word om te reageer en, in hierdie verband, is 4.2 hierbo eweneens hier van toepassing.
- 4.4 Die opvoeder moet Vorm A, by hierdie skedule aangeheg, in duplikaat voltooi, die oorspronklike hou en die afskrif aan die leerder verskaf nadat laasgenoemde die vorm onderteken het.
- 4.5 Die straf, indien enige, sal nie in werking tree voor verstryking van 'n tydperk van 24 uur vanaf die tydperk van ondertekening van Vorm A deur die opvoeder nie.
- 4.6 Die leerder moet die afskrif van Vorm A, wat aan hom/haar oorhandig is, aan sy/haar ouers oorhandig wat daarvoor moet teken. Gemelde afskrif van Vorm A, deur sy/haar ouers onderteken, moet deur die leerder aan die onderwyser oorhandig word nie later as 10:00 op die volgende skooldag of, indien die betrokke opvoeder nie beskikbaar is nie, aan die Skoolhoof.

- 4.7 Indien dit uit die terugstuur van Vorm A blyk dat die ouers van die leerder die bevinding van die opvoeder of die straf deur hom toegepas bevestig, moet die vorm onmiddellik by die Skoolhoof ingedien word wat dan die bevinding en straf moet hersien.
- 4.8 Die Skoolhoof is geregtig om enige hersieningsprosedure te volg, insluitende onderhoude met die ouers en/of die skeidsregter en/of enige getuie genoem in Vorm A, of andersins, solank as wat hy/sy voldoen aan die vereistes van behoorlike prosedure waarna in paragraaf 1 van hierdie skedule verwys word. Enige onderhoud met die leerder moet in die teenwoordigheid van sy ouers gevoer word, indien die ouers dit sou versoek.
- 4.9 By voltooiing van die hersieningsproses, moet die Skoolhoof Vorm B voltooi, dit aan die leerder oorhandig en sy handtekening daarop verkry. Die leerder moet dan Vorm B aan sy/haar ouers oorhandig vir ondertekening en dit die volgende dag voor 10:00 aan die Skoolhoof oorhandig.
- 4.10 Vorms A en B moet onverwyld in die leerder se persoonlike lêer geliasseer word.
- 4.11 Die leerder moet voldoen aan die voorskrifte van die Skoolhoof gemeld in Vorm B, indien enige, ten opsigte van wanneer enige straf soos gemeenskapsdiens of bykomende huiswerk, uitgevoer of voltooi moet word.
- 5. VERHOORPROSEDURE BY BEWEERDE KATEGORIE B WANGEDRAG:**
- 5.1 Enige bewering van 'n kategorie B misdryf moet skriftelik by die Skoolhoof ingedien word.
- 5.2 Die Skoolhoof moet die aanklag ondersoek en hierin die prosedure volg vir ondersoek soos uiteengesit in skedule E van hierdie Deel II
- 5.3 Indien die Skoolhoof in sy diskresie, gebaseer op die uitslag van sy/haar ondersoek, oordeel dat 'n formele verhoor in verband met die beweerde misdryf nodig of geregverdig is, moet hy/sy Vorm C voltooi, aangeheg by hierdie skedule, en dit aan die leerder oorhandig met opdrag om dit aan sy/haar ouers te oorhandig. Die Skoolhoof moet ook poog, op die dag waarop die kennisgewing aan die leerder oorhandig is, om die ouers te kontak en hulle in te lig oor die kennisgewing, die feit dat die kennisgewing aan die kind gegee is vir oorhandiging aan hulle en van die inhoud van die kennisgewing.
- 5.4 Die Skoolhoof, bygestaan deur die adjunk Skoolhoof of 'n departementshoof van die skool, sal voorsit by die verhoor van die beweerde misdryf.
- 5.5 Die verhoor sal 'n aanvang neem op die tyd vermeld op die kennisgewing of sodanige ander tyd as wat ooreengekom mag word tussen die Skoolhoof en die ouers van die leerder.
- 5.6 'n Behoorlike notule van die verhoor moet gehou word, en, sover moontlik, onmiddellik na afloop van die verhoor uitgetik word, ongeag die uitslag. Die naam van die notule houer moet op die notule verskyn.
- 5.7 Die volgende prosedure moet by die verhoor gevolg word:

- 5.7.1 Die name van alle persone wat die verhoor bywoon moet aangeteken word;
- 5.7.2 Die Skoolhoof moet die voormelde kennisgewing (Vorm C) uitlees en bevestig of die ouer en die leerder dit gelees het en of hulle dit verstaan al dan nie. 'n Geleentheid moet gebied word aan die leerder en sy/haar ouers vir vrae en/of opheldering van die inhoud van die kennisgewing.
- 5.7.3 Die Skoolhoof moet aan die ouers en die leerder die getuienis in die guns van en teen die leerder openbaar, soos vasgestel volgens die voormelde ondersoek. Die leerder en sy/haar ouers moet 'n redelike geleentheid gegun word om die gemelde getuienis te oorweeg.
- 5.7.4 Die leerder moet dan deur die Skoolhoof gevra word of hy/sy die wangedrag waarvan hy/sy aangekla word, erken of ontken.
- 5.7.5 Indien die leerder die wangedrag **erken**, moet die Skoolhoof nogtans die leerder ondervra ten einde homself te vergewis dat die leerder wel skuldig is aan die beweerde wangedrag. Indien hy oortuig is van die skuld van die leerder, moet hy aanteken "ek vind die leerder (naam) skuldig aan die wangedrag soos aangekla.
- 5.7.6 Indien die leerder die beweerde wangedrag ontken moet die volgende prosedure gevolg word:
- 5.7.6.1 Die Skoolhoof moet elke getuie roep en sy getuienis lei ten aansien van beweerde wangedrag. Dit kan gedoen word deur die uitlees van die geskrewe verklaring van die getuie, die stel van die vraag aan die getuie of hy/sy die inhoud van die verklaring herken of enigiets daartoe wil byvoeg of daaraan verander moet word of daartoe bygevoeg word.
- 5.7.6.2 Die leerder en sy/haar ouers moet redelike geleentheid gegun word om elke getuie te kruisondervra, maar onnodige herhaling en irrelevante ondervraging moet nie toegelaat word nie. Die Skoolhoof moet aan die leerder en sy/haar ouers verduidelik, dat indien die voorgelegde getuienis nie betwis word nie, dit sal bly staan en in ag geneem sal word.
- 5.7.6.3 Enige dokumente boeke of ander voorwerpe wat in die loop van die getuienis voorgelê word, moet agtereenvolgens "A" en ander, gemerk word en gehou word as deel van die rekord.
- 5.7.6.4 Na afloop van die getuienis deur die Skoolhoof aangebied, moet die Skoolhoof aan die leerder verduidelik dat sy/sy geregtig is om getuienis ter verdediging aan te bied en om sy/haar getuies te roep. Die Skoolhoof moet die leerder bystaan ten einde die teenwoordigheid van 'n getuie wat die leerder help om sy/haar getuienis so volledig en so duidelik as moontlik voor te lê en moet terselfdertyd die getuies vir die verdediging onder kruisverhoor neem.
- 5.7.6.5 Die Skoolhoof moet aan die aangeklaagde leerder verduidelik dat sy/haar versuim om self te getuig sy/haar verdediging ernstig kan benadeel.
- 5.7.6.6 Na afhandeling van die getuienis vir die verdediging, moet die Skoolhoof die leerder en sy/haar ouers toelaat om argumente voor te lê waarom hulle meen

die leerder nie skuldig bevind moet word op aan die aangeklaagde wangedrag nie.

- 5.7.6.7 Die Skoolhoof moet die verhoor dan uitstel vir solank as wat hy dit nodig ag, maar nie langer as sewe dae nie, ten einde sy beslissing te oorweeg.
- 5.7.6.8 In die omstandighede voorsien in 5.7.6.7 hierbo, moet die Skoolhoof die verhoor herbelê by wyse van skriftelike en, waar moontlik, mondelinge kennisgewing aan die leerder en sy/haar ouers en, by dié voortgesette verhoor, sy bevinding oordra naamlik of "*ek vind die leerder skuldig aan die misdryf soos aangekla*". Indien die bevinding een is van skuldig, moet die Skoolhoof voortgaan ooreenkomstig die bepalings van 5.7.7 hieronder.
- 5.7.7 Indien die leerder die beweerde wangedrag **erken** en die Skoolhoof ná ondervraging van die leerder oortuig is dat die leerder **skuldig** is (sien 5.7.5 hierbo), moet die Skoolhoof die volgende prosedure volg:
- 5.7.7.1 Hy moet die leerder ondervra en met hom/haar en sy/haar ouers 'n samespreking hou oor die volgende sake, waarvoor die leerder en sy/haar ouers se kommentaar en voorstelle gevra moet word:
- (a) die persoonlike omstandighede en akademiese rekord van die leerder en sy/haar rede vir die misdryf;
 - (b) die moontlikheid van en die leerder se bereidwilligheid tot rehabilitasie;
 - (c) die erns van die misdryf, die behoefte van die skoolgemeenskap vir straftoepassing en die noodsaaklikheid van straf as afskrikmiddel en metode om herhaling van die betrokke misdryf te voorkom;
 - (d) die straf wat die Skoolhoof in gedagte het, met verwysing na klousule 7.2 van Skedule C van die Gedragskode.
- 5.7.7.2 Hy moet die leerder binne twee skooldae kennis gee van die toepaslike straf.
- 5.7.7.3 Hy moet die leerder en sy/haar ouers van die uitslag van die verhoor in kennis stel by wyse van die voltooiing van Vorm D aangeheg by hierdie Skedule. Die gemelde vorm D moet na voltooiing oorhandig word aan die leerder met opdrag om dit aan sy/haar ouers te oorhandig. Die leerder moet die vorm teken as erkenning van ontvangs daarvan en moet dit teen 10:00 op die volgende skooldag aan die Skoolhoof oorhandig, geteken deur sy/haar ouers.
- 5.7.7.4 Hy moet toesig hou oor die behoorlike nakoming deur die leerder van die bepalings van die straf wat opgelê is, onderworpe egter aan die bepalings van klousule 7 hieronder (reg van appèl).
- 5.7.8 Die Skoolhoof is geregtig, vir goeie rede maar met behoorlike inagneming van die noodigheid vir vinnige toepassing van geregtigheid en met opgaaf van redes, om die verrigtinge te enige stadium daarvan te verdaag. Indien dit 'n verdaging na 'n ander datum is, moet die verhoor herbelê word by wyse van skriftelike en, indien moontlik, mondelinge kennisgewing aan die leerder en sy/haar ouers.

5.7.9 Algemeen:

Alle kennisgewings en ander dokumente waarna hierbo verwys is moet onder die naam van die leerder en op die leerder se persoonlike lêer geliasseer word en moet geëndosseer word met 'n akkurate opsomming van die aard van die verrigtinge en die uitslag daarvan.

6. VERHOORPROSEDURE IN DIE GEVAL VAN 'N BEWEERDE KATEGORIE C (ERNSTIGE) WANGEDRAG:

(Nota: Die prosedure in hierdie gedeelte voorgeskryf is onderhewig aan wat moontlik deur die Lid van die Uitvoerende Komitee vir Onderwys van 'n provinsiale wetgewer in terme van Artikel 9 van die SA Skolewet, 1996 of ander toepaslike provinsiale wetgewing, voorgeskryf mag word. Sodra sodanige wetgewer uitgevaardig is, sal dit by hierdie Skedule as 'n addendum aangeheg moet word).

- 6.1 Enige bewering van ernstige wangedrag moet skriftelik by die Skoolhoof of die Dissiplinêre Komitee van die beheerliggaam ingedien word. Die Dissiplinêre Komitee moet enige sodanige klagte by hom ingedien na die Skoolhoof verwys vir ondersoek.
- 6.2 Die Skoolhoof moet elke bewering van ernstig wangedrag by hom ingedien ooreenkomstig Skedule E van hierdie gedeelte van die Gedragskode ondersoek en 'n rekord van sodanige ondersoek voorberei.
- 6.3 By voltooiing van die ondersoek moet die Skoolhoof besluit of 'n *prima facie* saak van ernstige wangedrag uit die ondersoek blyk en of sodanige wangedrag hanteer moet word as kategorie B of kategorie C wangedrag vir doeleindes van hierdie Gedragskode.
- 6.4 Indien die Skoolhoof sou besluit dat geen *prima facie* saak van wangedrag uitgemaak kan word nie, of dat die beweerde wangedrag as 'n kategorie B wangedrag hanteer moet word, moet hy die Dissiplinêre Komitee van die beheerliggaam van sy besluit skriftelik in kennis stel, vergesel van die volledige rekord van sy ondersoek, voordat hy verder optree in ooreenstemming met sy besluit. Die Dissiplinêre Komitee moet, binne 24 uur vanaf ontvangs van die Skoolhoof se gemelde kennisgewing, die Skoolhoof skriftelik verwittig of dit met die besluit saamstem al dan nie en of dit verlang word dat verdere verrigtinge ingevolge hierdie gedeelte van die gedragskode ingestel moet word. Indien die besluit op laasgemelde neerkom, moet die Skoolhoof verder optree in ooreenstemming met wat hierna volg.
- 6.5 Die Skoolhoof begin 'n verhoor van beweerde ernstige wangedrag deur 'n leerder by wyse van voltooiing van Vorm G aangeheg tot hierdie Skedule en oorhandiging daarvan aan die aangeklaagde leerder, ten minste 5 dae voor die verhoor, met opdragte om dit aan sy/haar ouers te oorhandig. Die vorm moet deur die leerder onderteken word as erkenning van ontvangs daarvan en hy/sy moet 'n afskrif daarvan, behoorlik onderteken deur sy/haar ouers, nie later nie as 10:00 op die volgende skooldag aan die Skoolhoof oorhandig. Die Skoolhoof moet alle moontlike stappe neem om met die ouers in verbinding te tree en hulle mondelings te verwittig word van die leerder se reg op regsverteenvoording en dié reg moet ook in die Vorm G vermeld word.

- 6.6 Die Dissiplinêre Komitee van die beheerliggaam, behoorlik deur die beheerliggaam aangestel en bestaande uit ten minste twee lede (wat nie die Skoolhoof insluit nie), sal by die verhoor voorsit met een van sodanige lede as voorsitter.
- 6.7 'n Behoorlike en volledige notule van alle verrigtinge van die verhoor moet afgeneem word.
- 6.8 Die vervolging moet gelei word deur die Skoolhoof, alternatiewelik die mees senior beskikbare lid van die onderwyspersoneel, tesame met 'n lid van die beheerliggaam genomineer deur die Dissiplinêre Komitee om die Skoolhoof of alternatiewe opvoeder by te staan.
- 6.9 Die leerder is geregtig op regsverteenvoordinging volgens die keuse van sy/haar ouers, en sodanige regsverteenvoorder kan 'n prokureur, advokaat, opvoeder, medeleerder, enige ouer of die ouer of voog van die leerder wees.
- 6.10 By die verhoor moet die volgende **voorlopige prosedure** gevolg word:
- 6.10.1 Die name van alle persone teenwoordig moet aangeteken word.
- 6.10.2 Die ouers en leerder moet gevra word of hulle die betrokke Vorm G ontvang het, dit gelees het en die inhoud daarvan verstaan. 'n Geleentheid vir vrae en verduideliking moet toegelaat word.
- 6.10.3 Die ouers en die leerder moet gevra word of daar enige inligting is in besit van die skool, wat hulle benodig vir gebruik in die verweer van die leerder. Hulle redelike versoeke in hierdie verband moet toegestaan word.
- 6.10.4 Afskrifte van die verklarings van enige getuies wat geroep staan te word om teen die leerder te getuig moet aan die ouers en leerder verskaf word, indien dit nie alreeds gedoen is nie.
- 6.10.5 Die erns van die aanklag en die moontlike sanksies wat mag volg indien 'n bevinding van skuldig uitgebring sou word, moet verduidelik word. Dit moet ook verduidelik word dat die getuienis van die getuies met kruisverhoor getoets moet word, by versuim waarvan die getuienis onbetwis sal staan en in ag geneem sal word en, verder, dat die leerder se weergawe van die gebeure aan elke getuie gestel moet word vir kommentaar, alvorens dit uiteindelik enige gewig sal dra.
- 6.10.6 'n Geleentheid vir vrae en/of versoeke van die leerder en ouers moet gebied word. Die voorsitter mag dan die verrigtinge verdaag vir so lank as 30 minute, indien hy so versoek sou word deur die leerder en/of ouers, ten einde hulle posisie te kan oorweeg of vir enige ander doel in die diskresie van die Dissiplinêre Komitee.
- 6.11 Wanneer die voorlopige gedeelte van die verhoor afgehandel is, soos hierbo uiteengesit, moet die aanklaer (die hierbovermelde Skoolhoof of mees senior opvoeder, bygestaan deur die genomineerde assistent) die aanklag uitlees, soos uiteengesit in Vorm G, vir die rekord en die leerder moet deur die voorsitter gevra word om of "onskuldig" of "skuldig" te pleit.

- 6.12 Indien die leerder "**skuldig**" pleit, moet die voorsitter voldoen aan die bepalings van 5.7.5 hierbo, wat hier van toepassing sal wees. Indien die bevinding "*skuldig soos aangekla*" aangeteken word, moet die voorsitter voortgaan in ooreenstemming met 6.14 hieronder.
- 6.13 Indien die leerder "**onskuldig**" pleit, of indien hy 'n pleit van "*skuldig*" maak maar die voorsitter 'n pleit van "*onskuldig*" aanteken, moet die prosedure soos uiteengesit in 5.7.6 hierbo gevolg word, onderworpe egter aan die volgende:
- 6.13.1 Die aanklaer moet die getuienis lei van elkeen van die getuies vir die vervolging. Dit moet gedoen word by wyse van die uitlees van die getuie se skriftelike verklaring aan hom/haar en die vraag aan die getuie te vra of die getuie die korrektheid van die verklaring bevestig, en om dan enige ander vrae aan die getuie te vra om sy weergawe verder uit te lig.
- 6.13.2 Die aanklaer is geregtig om die leerder onder kruisverhoor te neem indien die leerder sou besluit om getuienis te gee, en so ook enige ander getuie vir die verdediging.
- 6.13.3 Behalwe soos hierbo vermeld, sal enige verwysing in 5.7.6 na die Skoolhoof beskou word as 'n verwysing onder hierdie opskrif na die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee van die beheerliggaam.
- 6.13.4 Die voorsitter en enige lid van die Dissiplinêre Komitee is geregtig om enige getuie te ondervra met die oog daarop om helderheid oor sy/haar getuienis te bekom sodat die toepassing van geregtigheid verseker kan word.
- 6.14 Indien die voorsitter namens die Dissiplinêre Komitee die leerder **skuldig bevind soos aangekla** moet hy/sy verder optree in ooreenstemming met die prosedure soos uiteengesit in 5.7.7 en 5.7.8 hierbo, onderworpe aan die volgende:
- 16.14.1 Enige verwysing na die Skoolhoof sal wees 'n verwysing na die voorsitter en lede van die Dissiplinêre Komitee.
- 6.14.2 Die voorsitter moet, bykomend tot die nakoming van 5.7.7 en 5.7.8 hierbo, ook die volgende doen:
- 6.14.2.1 Hy moet die leerder en sy/haar ouers uitnooi om voorleggings te maak rakende die toepaslikheid of ontoepaslikheid van enige van die alternatiewe sanksies voorgeskryf in hierdie Gedragskode vir ernstige wangedrag.
- 6.14.2.2 Hy moet oorweeg of die bewese wangedrag sodanig is dat dit uitsetting van die leerder uit die leerder uit die skool regverdig. Die standpunte en redes van die Dissiplinêre Komitee moet aan die leerder en ouers gestel word en hulle voorleggings en kommentaar hieroor moet aangehoor word.
- 6.14.2.3 Die aanklaer is geregtig om enige feit of omstandighede wat hy/sy tersaaklik mag beskou tot die oplegging van toepaslike sanksies/straf, voor die Dissiplinêre Komitee te plaas, en sal verder geregtig wees om die leerder en sy/haar ouers te ondervra aangaande enige reaksie of voorleggings tydens die verhoor deur hulle gemaak met betrekking tot straftoepassing.
- 6.14.2.4 Die leerder en sy/haar ouers sal oor dieselfde regte ten aansien van die aanklaer beskik as wat in 6.14.2.3 hierbo uiteengesit is.

- 6.14.3 Enige verwysing na "7.2 van Skedule C" sal gelees word as 'n verwysing na "7.3 van Skedule C".
- 6.14.4 Enige verwysing na "Vorm D" sal gelees word as 'n verwysing na "Vorm H", aangeheg by hierdie skedule.
- 6.14.5 Die Dissiplinêre Komitee moet, deur middel van die Skoolhoof, alle redelike stappe doen om die inhoud van Vorm H aan die ouers en leerder te kommunikeer, en om te verseker dat 'n afskrif van die vorm afgelewer word by of gestuur word aan of afgehaal word deur die ouer/s.

6.15 Prosedure by voltooiing van verhoor

- 6.15.1 Ongeag van die uitslag van die verhoor, moet die Skoolhoof 'n volledige en kronologiese rekord van die verrigtinge laat voorberei en tik, indien moontlik, insluitende, as eerste item, die klagte, die rekord van die Skoolhoof se ondersoek, Vorm G, die rekord van die verrigtinge, 'n bundel van enige dokumentêre bewyse of aanhangsels, en Vorm H.
- 6.15.2 Waar die leerder geskors is as 'n korrektiewe maatreël moet 'n afskrif van die rekord, met 'n toepaslike dekkingsbrief, onmiddellik aan die Streekdirekteur van die Streekkantoor van die Provinsiale Departement van Onderwys verskaf word.
- 6.15.3 Waar die leerder geskors is hangende 'n besluit van die Onderwyshef van die Provinsiale Onderwys Departement aangaande uitsetting van die leerder, moet die rekord onmiddellik aan gemelde Onderwyshef voorsien word onder dekking van Vorm I, aangeheg by hierdie Skedule.
- 6.15.4 'n Afskrif van die rekord moet deur die skool gehou word hangende die instruksies van die beheerliggaam, in konsultasie met die bogemelde Streekdirekteur, rakende die vernietiging daarvan.

7. REG VAN APPÉL EN PROSEDURE DAARVOOR:

Die leerder en/of sy/haar ouers is geregtig om appél aan te teken na die Dissiplinêre Komitee van die beheerliggaam van die skool teen die bevinding en/of straf deur die Skoolhoof gemaak en toegepas. Sodanige appel moet skriftelik aangeteken word en moet by die Skoolhoof ingedien word binne drie dae vanaf die datum van ontvangs deur die leerder van Vorm D. Vanaf die datum van indiening van die kennisgewing van appél totdat die besluit van die Dissiplinêre Komitee oorgedra word, soos hieronder uiteengesit, word die bevinding en straf opgeskort.

By ontvangs van die kennisgewing van appél, moet die Skoolhoof 'n volledige en getikte rekord van die verrigtinge, tesame met alle bewysstukke en aanhangsels en alle kennisgewing en vorms uitgereik, sonder versuim voorberei en voorsien aan die Dissiplinêre Komitee.

Die Dissiplinêre Komitee sal die appél oorweeg slegs met verwysing na die rekord soos voorgelê, tensy dit van mening is dat reg en geregtigheid nie behoorlik daardeur gedien sal word nie: Met dien verstande dat die Dissiplinêre Komitee die Skoolhoof en die leerder en sy/haar ouers by wyse van skriftelike kennisgewing moet uitnooi om geskrewe argumente vir oorweging by die appél voor te lê.

Die Dissiplinêre Komitee is geregtig, indien dit in belang van geregtigheid nodig geag word, om die ondersoek te heropen, in welke geval dit dieselfde prosedure as wat hierbo uiteengesit is, moet volg, asof dit die Skoolhoof is wat die aangeleentheid van nuuts af verhoor.

Die Dissiplinêre Komitee is geregtig, op appèl, om die beslissing van die Skoolhoof te wysig of om 'n ligter of alternatiewe of swaarder straf op te lê as wat deur die Skoolhoof opgelê is, of om die geheel of enige gedeelte van sodanige straf op te skort, te wysig, te verlig of te verswaar, op sodanige voorwaardes as wat toepaslik geag word.

Nadat die appèl behoorlik oorweeg is, moet die Dissiplinêre Komitee Vorm E, hierby aangeheg, voltooi en aan die Skoolhoof oorhandig.

Die Skoolhoof moet onverwyld gemelde Vorm E aan die leerder oorhandig met opdrag om dit aan sy/haar ouers te oorhandig. Die Skoolhoof moet die handtekening van die leerder op Vorm E bekom, en die leerder moet die vorm nie later 10:00 op die volgende skooldag aan die Skoolhoof terugbesorg, onderteken deur sy/haar ouers.

Die Skoolhoof moet toesien dat die leerder behoorlik voldoen aan die bepalings van die straf wat opgelê is op appèl en moet hieroor aan die beheerliggaam rapporteer.

DEEL II**SKEDULE E****ONDERSOEK NA VERMOEDELIKE WANGEDRAG**

1. Die volgende paragrawe bevat sekere algemene riglyne wat deur die Skoolhoof, personeellede en lede van die beheerliggaam gevolg moet word, aangaande die ondersoek na vermoedelike wangedrag. Hierdie Skedule behoort ontwikkel te word tot 'n uitgebreide stel reëls.
2. Visentering, aanhouding en arres

Verskeie magte word aan burgers van die land en ander persone verleen om te visenteer, aan te hou en te arresteer. Dit is die plig van die beheerliggaam, Skoolhoof en personeel van die skool om hulleself te vergewis van die wetlike bepalings wat sodanige regte verleen, om dit versigtig na te kom en om leerders en ouers daarvoor in te lig en op te lei, welke bepalings die volgende insluit:

Die Strafproseswet nr. 51 van 1997;

Die Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, nr. 53 van 1985;

Die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, nr. 140 van 1992

Die Wet op Wapens en Ammunisie, nr. 75 van 1996.

Dit moet in gedagte gehou word dat onwettige visentering, aanhouding of arres kan neerkom op 'n onregmatige daad wat lei tot aansienlike eise vir skadevergoeding.

3. Elke aangeklaagde persoon word geag onskuldig te wees totdat sy skuld bewys is. Die ondersoeker moet enige optrede of opmerkings wat die indruk mag skep dat hy/sy reeds besluit het oor die skuld van die persoon wie se gedrag ondersoek word voordat 'n behoorlike proses gevolg is, vermy. In die besonder moet wilde bewerings van wangedrag vermy word; dit kan lei tot aansienlike eise vir skadevergoeding weens laster of aantasting van die waardigheid van 'n persoon.
4. Onderhoude met getuies moet genotuleer word in die belang van deursigtigheid en met die doel om 'n behoorlike rekord te hou. Vertroulikheid moet sover as moontlik in die ondersoekproses gehandhaaf word.
5. Die versoeking om getuies "af te rig" of om woorde in hul mond te plaas of om hulle te intimideer of te beïnvloed, moet vermy word. Wees verseker dat sodanige taktiek onverwagte en onaangename gevolge vir die ondersoeker sal in hou.
6. Dissiplinêre prosedures moet nie ingestel word nie waar dit blyk, na ondersoek, dat daar twyfel is of wangedrag gepleeg is.
7. Die uiterste versigtigheid moet aan die dag gelê word wanneer gehandel word met jong kinders. In die besonder moet aggressiewe konfrontasies of eise (direk of indirek) vir doeleindes van die verkryging van erkennings vermy word.
8. 'n Verdagte moet te alle tye die geleentheid gebied word om te konsulteer met of bygestaan te word deur sy/haar ouers wanneer hy/sy gevra word om 'n verklaring te maak wat hom/haar mag inkrimineer.

DEEL II**SKEDULE F****KWYTSKELDING**

1. Hierdie skedule poog om die geleentheid te skep vir 'n leerder om te hervorm en met 'n skoon blaadjie te begin.
2. Die rekord van enige verrigtinge of straf in verband met kategorie A wangedrag moet vanuit die leerder se persoonlike lêer verwyder word indien hy/sy nie weer skuldig bevind word aan dieselfde of soortgelyke wangedrag vir die straf vir die wangedrag of die bevestiging van sodanige straf op hersiening deur die Skoolhoof, welke datum ookal later is.
3. Die leerder en/of sy/haar ouers mag, in verband met die oplegging van straf vir kategorie B wangedrag of kategorie C wangedrag (met uitsondering van uitsetting) aan die Skoolhoof en beheerliggaam 'n skriftelike aansoek vir kwytstelling van die wangedrag voorlê:

Na verstryking van 'n tydperk van 9 kalendermaande in die geval van kategorie B wangedrag;

Na verstryking van 'n tydperk van 14 kalendermaande in die geval van kategorie C wangedrag.

4. Die skriftelike aansoek moet ten volle gemotiveer wees en moet handel met elkeen van die kriteria genoem in 5 hieronder.
5. In die oorweging van die aansoek om kwytstelling, moet die Skoolhoof en beheerliggaam gesamentlik die volgende faktore oorweeg, met die oog daarop om vas te stel of die leerder positief hervorm het:

Die dissiplinêre rekord van die leerder tot datum;

Die akademiese vordering van die leerder;

Die deelname en prestasie van die leerder op die gebied van sport, kulturele en/of ander skoolaktiwiteite;

Enige getuienis omtrent die leerder se ingesteldheid teenoor leer en opvoeding en die belange en regte van sy/haar medeleerders;

Enige voorleggings deur die leerder en sy/haar ouers gemaak.

6. Slegs wanneer daar goeie objektiewe redes is om te twyfel of die leerder positief hervorm het, mag kwytstelling weerhou word.
7. Wanneer kwytstelling verleen word moet die rekord van enige verrigtinge en straf vir sodanige wangedrag in die leerder se persoonlike lêer of enige ander skool rekord, verwyder word.

DEEL III

GRIEWEPROSEDURE(BESLEGTING VAN GESKILLE)

1. DOEL:

Die doel van hierdie prosedure is die oplossing van griewe leerders. Onbeduidende en beuselagtige griewe word ignoreer aangesien die prosedure ten doel het die oplossing van slegs sodanige griewe wat, indien dit onopgelos bly, die harmonieuse verhoudings tussen leerders of die kultuur van verdraagsaamheid en wedersydse respek wat by die skool nagestreef word, sal versteur.

2. VERTROULIKHEID

Verklarings gemaak tydens die grieweprosedure mag nie gebruik word as getuie in enige dissiplinêre prosedure nie. Geskilpunte wat openbaar word deur sodanige verklarings mag egter met die ouers van die betrokke leerder opgeneem word indien die Skoolhoof van mening is dat dit noodsaaklik of wenslik is.

3. GRIEWE

'n Grief beteken ongelukkigheid by 'n leerder weens die aantasting van enige van sy/haar regte deur 'n ander leerder of leerders, of die aanwesigheid van vrees, spanning, pyn, gekrenktheid of woede by 'n leerder weens die optrede van 'n ander leerder of leerders.

4. MEDIASIE

- 4.1 Die mediator in enige grieweprosedure is die Skoolhoof of enige opvoeder deur hom/haar genomineer. Die mediator mag nie kant kies nie en moet enige persepsie dat hy/sy kant kies vermy.
- 4.2 Die doel van mediasie is om by elkeen van die betrokke partye 'n begrip vir die posisie van die ander party of partye ten aansien van die probleem tuis te bring, om voorstelle te verkry of te maak van moontlike oplossings van die probleem, en om die partye te beïnvloed om uit eie oorweging die probleem vriendskaplik te skik.

5. PROSEDURE

- 5.1 Die benadeelde leerder moet eers poog om die grief by te lê deur dit te bespreek met die ander betrokke leerder of leerders.
- 5.2 Indien 'n bespreking nie die geskil oplos nie, moet die benadeelde leerder 'n skriftelik klag by die Skoolhoof indien, waarin die omstandighede uiteengesit word en waarin verwys word na die poging om die grief op te los by wyse van samesprekings, of waarin redes genoem word waarom geen sodanige bespreking probeer is nie.
- 5.3 Die klag moet ingedien word binne tien dae vanaf datum van plaasvind van die gebeure wat tot die grief of geskil aanleiding gegee het.
- 5.4 Die Skoolhoof mag die klag verwerp, met skriftelike redes. Indien hy/sy van mening is dat dit onbeduidend of beuselagtig is. In sodanige geval mag die leerder 'n

skriftelike appèl by die beheerliggaam aanteken teen die verwerping van die klag, binne drie skooldae vanaf die datum waarop hy van die verwerping in kennis gestel is. Die beheerliggaam moet die appèl oorweeg, met of sonder 'n onderhoud met die leerder, en mag dit handhaaf of verwerp met vermelding van skriftelike redes. Indien die appèl gehandhaaf word, moet daar met die grieweprosedure voortgegaan word.

- 5.5 'n Afskrif van die skriftelike klag moet deur die Skoolhoof oorhandig word aan elkeen van die leerders wat by die klagte geïmpliseer word, binne 5 skooldae vanaf datum van indiening van die klag, en moet binne twee verdere dae van elke sodanige leerder 'n skriftelike antwoord bekom, afskrifte waarvan aan die benadeelde leerder oorhandig moet word.
- 5.6 Die Skoolhoof of die persoon deur hom/haar genomineer om as mediator op te tree, moet 'n vergadering belê tussen die betrokke leerders by wyse van skriftelike kennisgewing aan elkeen van hulle, waarin die datum, tyd, plek, en name van die persone wat by die vergadering betrek sal word, vermeld moet word.
- 5.7 By die vergadering moet die mediator die aangeleentheid tussen die partye bemiddel en hy/sy mag redelike tydsbeperking plaas op die duur van die vergadering. Die mediator mag die vergadering uitstel en herbelê.
- 5.8 Die mediator moet, by die afhandeling van die vergadering, 'n mondigte verslag van die vergadering en die uitslag daarvan voorberei vir liassering in 'n vertroulike lêer.

6. BEËINDIGING VAN PROSEDURE

- 6.1 *Die Skoolhoof mag, na ontvangs van die klag, en indien hy/sy redelikerwys van mening is dat die klag by kategorie B of kategorie C wangedrag openbaar, die prosedure beëindig en 'n dissiplinêre prosedure aanhandig gemaak ingevolge die Gedragskode, nadat hy enige sodanige verdere ondersoeke as wat hy nodig ag, gehou het.*
- 6.2 *Die mediator mag, indien dit uit die hantering van die grieweprosedure blyk dat 'n kategorie B of kategorie C wangedrag gepleeg is, onmiddellik die prosedure beëindig (voordat dit afgehandel is) en moet dan die beweerde wangedrag aan die Skoolhoof rapporteer wat dan kan voortgaan met dissiplinêre prosedures.*

7. ANDER GRIEWE

Griewe en geskille tussen 'n opvoeder en 'n leerder of ander om, moet opgelos word by wyse van samespreking tussen die leerder se ouers en die opvoeder, indien moontlik. Indien die geskil nie op hierdie wyse opgelos kan word nie, kan elkeen van die partye die aangeleentheid rapporteer aan die Skoolhoof of die beheerliggaam of die onderwys departement vir verdere stappe ten einde die geskil se spoedig moontlik by te lê.

INLEIDING:

1. Die skoolgemeenskap is saamgestel uit die Skoolhoof en opvoeders, nie - opvoederpersoneel van die skool soos administratiewe personeel en skoonmakers, leerders en ouers van leerders. Elke groep en elke individu binne sodanige groep het bepaalde regte en verpligtinge, sommige waarvan uiteengesit word in die aangehegte skedules.
2. Binne die skoolgemeenskap is daar strukture soos die beheerliggaam en die verteenwoordigende raad van leerders wat by wetgewing ingestel is met bepaalde funksies (magte en pligte) om te vervul namens die groepe wat hulle verteenwoordig. Hierdie strukture word ook genoem in die aangehegte skedules.
3. Sommige van die regte en verpligtinge van die onderskeie belangegroepes vloei voort uit die Handves van Menseregte in die Grondwet van die land. Ander vloei voort uit wetgewing van algemene toepassing in die betrokke provinsies of in die land as 'n geheel. Ander vloei weer voort uit die gemenerereg van die land.
4. Elke persoon wat oor 'n reg beskik, het ook 'n ooreenstemmende verpligting om die regte van andere te eerbiedig. So, byvoorbeeld, kan die vryheid van spraak nie doelbewus gebruik word om 'n klas te ontwrig of 'n ander persoon te beledig nie.
5. Soms is daar kompeterende regte. So het elke persoon byvoorbeeld 'n reg op die beskerming van sy/haar waardigheid. Straf vir wangedrag affekteer die leerder se gevoel van waardigheid, maar die reg laat sodanige straf toe in bepaalde omstandighede.
6. Alle groepe en strukture in die skoolgemeenskap behoort, in die uitoefening van hul regte en verpligtinge, te streef om 'n klimaat, wat die mees bevorderlike is vir leer en opvoeding in 'n skoon en veilige omgewing, te skep.
7. Alhoewel die regte en verpligtinge waarvoor hierin gehandel word verband hou met die skoolomgewing, moet alle betrokke persone hulself vergewis van wat hul basiese menseregte en wat die basiese menseregte van ander is, soos uiteengesit in die grondwet van die land. Ouers en opvoeders behoort 'n betekenisvolle rol te speel om leerders in te lig oor hierdie basiese regte.

DEFINISIES:

Tensy dit uit die samehang anders blyk, bevat die volgende woorde en afkortings die betekenis daarteenoor aangedui wanneer in hierdie gedeelte gebruik:

"Grondwet"	die Grondwet van die RSA, Wet nr. 108 van 1996;
"SASW"	die SA Skolewet, Wet nr. 84 van 1998;
"skool"	Hoërskool Hennenman
"Gedragkode"	Die Gedragkode vir Leerders van die skool;
"beheerliggaam"	Die beheerliggaam van Hoërskool Hennenman, behoorlik gekonstitueer in terme van SASW;
"Handves van Menseregte"	Hoofstuk Twee van die Grondwet;

SKEDULE A: DIE SKOOLHOOF EN OPVOEDERS**1. Die Skoolhoof:**Regte:

Die regte van alle opvoeders (sien hieronder)

Die reg dat daar nie ingemeng sal word met die uitoefening van sy professionele pligte nie.

Die regte wat redelikerwys noodsaaklik is vir die uitoefening van sy plig om die professionele bestuur van die skool te behartig volgens die voorskrifte van die Onderwys hoof of die Provinsiale Onderwysdepartement.

Die regte wat redelikerwys noodsaaklik is vir die uitoefening van sy pligte (sien hieronder).

Om 'n *ex officio* lid van beheerliggaam van die skool te wees.

Die reg van arres, visentering en beslaglegging, aan hom verleen as burger, of kragtens sy amp, of as verantwoordelike persoon, kragtens enige wet, insluitend die Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985; die Strafproseswet, 1977; die wet op Dwelms en Dwelmshandel, 1992; en die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969.

Om dissiplinêre stappe teen leerders in te stel, en om deel te neem aan die dissiplinêre prosedure teen leerders, soos voorsiening voor gemaak in die Gedragskode of enige wet.

Pligte:

Die pligte van alle opvoeders (sien hieronder)

Om die professionele bestuur van die skool te behartig volgens die voorskrifte van die Onderwys hoof of die provinsiale Onderwysdepartement.

Om te verseker dat onderwysdienste van gehalte by die skool voorsien word.

Om die beleid waarvolgens die skool beheer word, te implementeer.

Om 'n kultuur van onderrig en leer by die skool te bevorder.

Om 'n hoë standaard van professionalisme en bestuur by die skool te bevorder.

2. Opvoeders**2.1 Regte:**

Regte in terme van arbeidswetgewing, insluitende kollektiewe ooreenkomste.

Om deur die beheerliggaam ondersteun te word in die uitoefening van hul professionele funksies.

Vryheid van assosiasie, vergadering, demonstrasie en vreedsame petisionering, ongewapen, en sonder om inbreuk te maak op die regte van ander.

Om lede van politieke partye te wees.

Om leerders te dissiplineer in ooreenstemming met die skool se Gedragskode.

Die reg op privaatheid en waardigheid (d.w.s dat gaan persoon onregmatiglik op hul privaatheid inbreuk mag maak nie, om nie deur enigiemand aangerand, belaster, beledig of verneder te word nie.)

Die reg dat daar nie onregmatiglik teen hulle gediskrimineer sal word op grond van ras, kleur, geslag, seksuele voorkeure, klas, ongeskiktheid, standpunte, gewete, godsdiens, kultuur of taal nie.

Om nie mee ingemeng te word in die uitvoering van hul professionele pligte nie.

Om nie hoof deel te neem aan enige van die godsdienstige onderrigklasse of godsdienstige geleenthede by die skool en om nie onbehoorlik beïnvloed te word om dit te doen nie.

Vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, oortuiging, opinie, spraak en uitdrukking.

Om geraadpleeg te word by die opstel en wysiging van die gedragskode.

Om ten minste eenmaal per jaar 'n verslag van die beheerliggaam te ontvang van sy werksaamhede.

Pligte:

Om die skool se gedragskode na te kom.

Om te poog om die intellektuele en persoonlike ontwikkeling van leerders te bevorder.

Om 'n kultuur van leer en onderrig te bevorder.

Om op 'n regverdige en onpartydige wyse op te tree wanneer met leerders gewerk word.

Om 'n hoë vlak van professionalisme te bereik en te handhaaf.

Om die regte van leerders te respekteer.

Om geen godsdiens te verkleineer of te poog om leerders te indoktrineer tot enige spesifieke geloof of godsdiens nie.

Om die regte van ouers om leiding aan hul kinders te gee aangaande die uitoefening van hul vryheid van godsdiens, uitdrukking, geloof, gedagte, standpunt en spraak, te respekteer.

Om die regte van ouers te respekteer.

Om leerders te beskerm teen alle vorme van fisiese en geestelike geweld.

Om te voldoen aan die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) en in die besonder:

Om enige vorm van vernedering te vermy, en om hulle te weerhou van enige vorm van kindermishandeling, fisiese en geestelik (byvoorbeeld viktimisasie, sarkasme, afbreek van selfbeeld, ensovoorts);

Om toepaslike taal en gedrag te gebruik in hulle interaksie met leerders;

Om nie lui te wees in die uitoefening van hul pligte nie;

Om 'n gesonde verhouding met ouers te bevorder;

Om te doen wat prakties moontlik is om ouers voldoende ingelig te hou omtrent die algemene welsyn en vordering van die leerder;

Om nie die status en gesag van hul kollegas te ondermyn nie.

SKEDULE B: OUERS

1. Regte:

Om hul kinders te verteenwoordig, om aandag te gee aan die afdwing van hul regte, en om hul fisies, geestelik en morele welsyn te beskerm en te bevorder.

Om voldoende ingelig te word omtrent die welsyn en vordering van hul kinders by die skool.

Om leiding te gee aan hul kinders in verband met die uitoefening van hul regte (as leerder) van vryheid, van gewete, godsdiens, gedagte, oortuiging en opinie, en dat daardie reg van leiding gee gerespekteer sal word deur alle opvoeders.

Om namens hul kinders as leerders, die reg uit te oefen by toelating van hul kinders tot die skool, om die taal van onderrig te kies, uit te oefen.

Om hul kinders as leerders in enige dissiplinêre prosedure wat teen hulle ingestel mag word kragtens die Gedragskode, te verteenwoordig.

Die reg van toegang tot inligting wat deur die Provinsiale Departement van Onderwys, die skool of die beheerliggaam van die skool gehou word en

1.6.1 wat benodig word vir die uitoefening of beskerming van enige van hul kinders se regte as leerder, of hul eie regte as ouers;

1.6.2 waar sodanige inligting op hul kinders van toepassing is, behalwe waar die versoek vir inligting oorlopend kwaadwillig of tydelik is, of waar inligting aan die skool, departement of beheerliggaam sonder kwade bedoelings en in vertroue verskaf is deur 'n persoon, en daardie persoon nie toestem tot die openbaarmaking van die inligting nie.

Om gekonsulteer te word aangaande die opstel of wysiging van die Gedragskode.

Onderworpe aan toepaslike wetgewing, om verkiesbaar te wees as kandidaat ouerverteenwoordiger in verkiesings van die ouerverteenwoordigers tot die skool se beheerliggaam, en om te stem in sodanige verkiesings.

Om 'n verslag van die beheerliggaam te ontvang rakende sy werksaamhede ten minste eenmaal per jaar.

Om te stem by algemene vergadering (waarvan ten minste 30 dae kennis gegee moet word) vir die aanvaarding van die jaarlikse begroting voorberei deur die beheerliggaam van die skool vir die daaropvolgende finansiële jaar.

Onderworpe aan enige wette tot die teendeel, om te stem by 'n algemene ouervergadering (waarvan ten minste 30 dae vooraf kennis gegee moes word) oor die vraag of betaling van skoolgeld vrywillig of verpligtend sal wees, en vir die aanvaarding van billike maatreëls vir die verlening van vrystelling van die betaling van verpligte skoolgeld aan behoeftige ouers.

Om te appéleer na die hoof van die Provinsiale Onderwysdepartement teen 'n weiering van die beheerliggaam om aan die ouer volle of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolgeld te verleen.

Om op redelike kennisgewing en op 'n gerieflike tyd, die beheerliggaam se rekords van gelde ontvang en spandeer by die bates, laste en finansiële transaksies, en die jaarlikse finansiële state van die skool, soos geoudit of ondersoek ingevolge die SA Skole wet, te inspekteer.

Die reg op privaatheid en vertroulikheid.

Die reg op waardigheid en waardige behandeling (d.w.s om nie beledig, belaster, verneder te word of onderwerp te word aan enige vernedering deur enige opvoeder of ander lid van die personeel of leerder nie.)

Om nie onregverdiglik teen gediskrimineer te word nie, hetsy indirek, op enige van die gronde soos uiteengesit in artikel 9 van die Grondwet van die land of op enige ander gronde.

Om vreedsaam, ongewapen en sonder om die proses van leer en onderrig by die skool te ontwrig, te vergader, te betoog en petisies te oorhandig.

2. Pligte:

Om die skool se beheerliggaam te ondersteuning te ondersteun in die uitoefening van sy wettige funksies.

Om te reageer op kennisgewings van die skool waarin 'n reaksie geverg word of om skriftelik redes te verskaf waarom daar nie gereageer word nie.

Om te verseker dat hul kinders die skool asook aangewese skoolfunksies (waarna in Deel II verwys word) gereeld en stiptelik bywoon en om skriftelike en redelik aanvaarbare redes vir enige afwesighede of laatkommery te verskaf.

Om die Skoolhoof en hul kinders se opvoeders te verwittig van enige aangeleentheid wat 'n invloed mag hê op die kinders se fisiese, geestelike of morele welsyn of die opvoedkundige omstandighede by die skool.

Om te verseker dat hul kinders die reëls en voorskrifte in Skedule A van Deel II van die Gedragskode nakom; in die besonder om te verseker dat hul kinders skoon en netjies is wanneer hulle die skool bywoon en dat hulle die betrokke reëls met betrekking tot skooldrag en voorkoms nakom.

Om die Skoolhoof en opvoeders te ondersteun deur te verseker dat hul kinders hul huiswerk voltooi en die skool bywoon toegerus met die nodige boeke, skryfbehoeftes en toerusting wat vereis word vir elke dag se opvoedkundige program.

Om ouervergaderings wat deur die Skoolhoof, enige klasopvoeder of die beheerliggaam belê word, by te woon en, in die algemeen, om 'n aktiewe en ondersteunende rol in die skoollewe te vervul.

Om harmonieuse verhoudings tussen die ouers en die personeel van die skool te bevorder.

Om hulle te weerhou van enige openbare optrede by enige geleentheid, insluitend skoolfunksies en aktiwiteite, wat daarop gemik is of die effek mag hê om die goeie naam van die skool in gedrang mag bring.

Om hulleself te vergewis en hul kinders te leer van die inhoud en effek van die handves van menseregte in die grondwet van die land.

Om te poog om 'n kultuur van wedersydse respek en verdraagsaamheid in die skoolgemeenskap te bevorder.

Om te verseker dat hul kinders, as leerders, die eiendom van die skool of die Provinsiale Onderwysdepartement wat tot hul beskikking gestel is, goed sal oppas en dit sal terugbesorg aan die skool op of voor die datum bepaal deur die Skoolhoof, enige opvoeder of die beheerliggaam.

Om die skool of die Departement te vergoed vir:

die verlies van of skade aan enige van die skool of die Departement se eiendom, toevertrou aan hul kinders as leerders, vir welke verlies of skade die kinders aanspreeklik sou wees indien dit nie vir hulle minderjarigheid was nie;

die redelike waarde van enige skool eiendom of Departementele eiendom wat nie aan die skool terugbesorg word ingevolge 2.12 hierbo nie;

enige skade aangerig aan die eiendom van die skool of die Departement deur hul kinders, hetsy opsetlik, hetsy nalatiglik.

Om by hul kinders 'n kultuur van respek vir die eiendom van die skool en die Departement in te skerp.

Om nie in te meng met enige opvoeder of ander lid van die personeel by die skool in die uitvoering van hul professionele funksies nie.

Om die skoolgeld soos bepaal is in terme van artikel 39 van die SA Skolewet, te betaal.

Die morele plig om die skool te voorsien van geld en ander middele ten einde die voorsiening van gehalte onderwys vir hul kinders by die skool in 'n veilige, skoon en opvoedingsvriendelike omgewing te handhaaf en te bevorder.

SKEDULE C: LEERDERS**1. Regte (Spesifiek en Algemeen)**

Die reg op gelyke toegang tot alle openbare skole.

Die reg op die voorsiening deur die skool van hul opvoedkundige behoeftes sonder enige vorm van diskriminasie (SASW artikel 5(1)).

Om nie toegang tot die skool geweier te word omdat hul ouers nie in staat is om die skoolgeld te betaal of dit nog nie betaal het nie, soos vasgestel volgens artikel 39 van SASW (SASW artikel 5(3) en artikel 17).

Die reg op basiese opvoeding vanaf graad 0 tot graad 9 (Grondwet artikel 29(1)).

Die reg op verdere opvoeding (graad 10 tot 12) (Grondwet artikel 29(1)).

Die reg op Onderwys in die amptelike taal of tale van hulle keuse, waar sodanige onderwys redelik prakties is (Grondwet artikel 29(2)), welke reg deur hul ouers namens hulle uitgeoefen word by aansoek om toelating tot die skool (Norme vir Toelating B1 en B2).

Om toegelaat te word tot die skool indien die skool die taal of tale deur hulle gekies, gebruik, en waar daar beskikbare plek is in die betrokke graad (Norme vir Toelating B3).

Om nie onderwerp hoef te word aan enige toets toegepas deur die beheerliggaam of deur die Skoolhoof op die beheerliggaam se aanwysing of magtiging, met betrekking tot sy/haar toelating tot die skool (SASW artikel 5(2)).

Om nie onderwerp te word aan 'n toets vir taalvaardigheid as 'n voorvereiste vir toelating tot die skool nie.

Om nie gestraf te word weens gebruik van 'n taal wat nie 'n onderrigtaal by die skool is nie.

Synde kinders onder 18 jaar oud:

1.11.1 Om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering;

1.11.2 Om nie verplig te kan word om werk te doen wat gevaarlik is vir hul fisiese of geestelike gesondheid;

1.11.3 Die reg dat hul beste belange as van kardinale belang beskou sal word in enige aangeleentheid wat hulle mag raak (Grondwet artikel 28).

1.12 Die reg op privaatheid (byvoorbeeld dat hul besittings nie onderworpe sal wees aan deursoeking of dat daar nie inbreuk sal wees op die privaatheid van hul kommunikasie nie (Grondwet artikel 14).

1.13 Die reg op respek en beskerming van hul waardigheid (byvoorbeeld) om nie beledig, verneder, belaster, aangerand, ensovoorts te word nie (Grondwet artikel 10).

- 1.14 Die reg op beskerming teen alle vorme van fisiese en geestelike geweld.
- 1.15 Om behandel te word op 'n billike en onpartydige wyse deur opvoeders.
- 1.16 Om nie onregmatiglik teen gediskrimineer te word op een of meer van die volgende gronde nie, insluitende ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale oorsprong, kleur, seksuele voorkeure, ouderdom, ongeskiktheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal of geboorte (Grondwet artikel 9).
- 1.17 Die reg op 'n skoolomgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie (Grondwet artikel 24).
- 1.18 Die reg op vryheid van gewete, godsdiens, gedagte, geloof, opinie, spraak en uitdrukking (maar nie om enige een op te sweep of skade te berokken of om haat aan te wakker gebaseer op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens nie) (Grondwet artikel 15 & 16).
- 1.19 Om nie geïndoktrineer te word tot enige besondere geloof of opinie nie.
- 1.20 Die reg op vryheid van assosiasie (Grondwet artikel 18).
- 1.21 Om nie godsdienstige opvoedingsklasse of godsdienstige geleentheid by 'n publieke skool by te woon nie (met die reg aan die ouers om in hierdie verband leiding aan hulle kinders te gee aangaande die uitoefening van hierdie regte) (Grondwet artikel 15).
- 1.22 Om te vergader, te betoog of petisies te oorhandig sonder om inbreuk te maak op die regte van ander (Grondwet artikel 17).
- 1.23 Om deur die beheerliggaam geken te word aangaande die opstel of wysiging van 'n gedragskode vir leerders by die skool (SASW Artikel 8(1)).
- 1.24 Die reg op administratiewe aksie wat wettig, redelik en prosedureel billik is. In die besonder, waar enige van hulle regte of belange geraak word deur enige administratiewe optrede (byvoorbeeld dissiplinêre prosedure teen hulle) om skriftelike redes gegee te word vir sodanige aksie (tensy die redes openbaar gemaak is) (Grondwet artikel 33 en skedule 6; artikel 23; SASW artikel 8 en 9).
- 1.25 Die reg van toegang tot alle inligting wat deur die skool of sy beheerliggaam gehou word, waar hulle sodanige inligting benodig vir die beskerming of uitoefening van hul regte (SASW artikel 59).
- 1.26 Die reg op die beskerming en uitoefening van al hul grondwetlike regte waarna hierin verwys word, deur die Staat (Grondwet artikel 7).

(Nota: 'n Wet van algemene toepassing kan enige van die regte in die hand wees van menseregte in die grondwet onder bepaalde omstandighede beperk (Grondwet artikel 6).
- 1.27 Die reg om van die beheerliggaam van die skool te verwag:

- 1.27.1 om gehalte onderwys by die skool te voorsien (SASW artikel 20(1));
- 1.27.2 om alle redelike maatreëls binne sy vermoë te tref om die middele deur die staat voorsien aan te vul ten einde die standaard van opvoeding aan die leerders by die skool te verhoog (SASW artikel 37).
- 1.28 Om van die Skoolhoof en opvoeders van die skool te verwag:
 - 1.28.1 om hul intellektuele en persoonlike ontwikkeling te verbeter;
 - 1.28.2 dat toepaslike maatreëls getref sal word om 'n hoër vlak van professionalisme te bereik en te handhaaf;
 - 1.28.3 dat opvoedkundige dienste van gehalte by die skool voorsien sal word;
 - 1.28.4 dat die SA Raad van Opvoeders se gedragskode nagekom sal word en, in die besonder-
 - 1.28.4.1 dat opvoeders enige vorm van vernedering van kinders sal vermy en hulle sal weerhou van enige vorm van kindermishandeling, hetsy fisies hetsy geestelik;
 - 1.28.4.2 dat opvoeders toepaslike taal en gedrag sal toepas in hulle interaksie met leerders;
 - 1.28.4.3 dat opvoeders nie lui sal wees in die uitoefening van hulle pligte nie.
- 1.29 Om van die staat te verwag om die skool te befonds uit publieke fondse op 'n gelyke basis om die behoorlike uitoefening van hul reg tot opvoeding te verseker (SASW artikel 34).
- 1.30 Die reg om nie onderwerp te word aan lyfstraf by die skool deur enige persoon nie (SASW artikel 10).

2. Pligte:

Om die regte van opvoeders, medeleerders, ouers en nie-opvoeder personeel by die skool te respekteer.

Om die Gedragskode na te kom (SASW artikel 18.)

Om die eiendom van die skool of die Provinsiale Onderwysdepartement wat aan hulle toevertrou word, goed op te pas en dit aan die skool terug te besorg op of voor die datum gespesifiseer deur enige opvoeder of die beheerliggaam van die skool.

Om 'n kultuur van verdraagsaamheid en respek vir die menseregte van andere, 'n kultuur van leer en onderrig, en respek vir skool eiendom en eiendom van die staat deur die skool gebruik, te bevorder.

SKEDULE D: NIE-OPVOEDER PERSONEEL

1. Regte

Hul regte ingevolge arbeidswetgewing, insluitende kollektiewe ooreenkomste.

Dieselfde regte as dié van opvoeders, uiteengesit in paragraaf 2.1 van skedule A.

2. Pligte

Dieselfde pligte as dié van opvoeders, soos uiteengesit in paragraaf 2.2 van Skedule A.

Om die Skoolhoof, opvoeders en beheerliggaam te ondersteun in die uitoefening van hul onderskeie pligte en funksies.

Om te verseker dat behoorlike rekords gehou word, dat gesonde administrasie toegepas word en dat 'n skoon en aangename atmosfeer vir opvoeders, leerders en hulle self by die skool te geskep word.

Om toepaslike taal en voorbeeldige gedrag te gebruik in alle omgang met leerders, opvoeders, ouers en mede-personeel.